# DIE ROL VAN DIE KERK IN DIE REHABILITASIE VAN DIE MISDADIGER EN DIE BESTRYDING VAN DIE MISDAAD.

---

Dit is nodig dat die uiteensetting in hierdie artikel deur 'n waarskuwing vooraf gegaan sal word. Wanneer ons die rol van die kerk in die rehabilitasie van die misdadiger en die bestryding van die misdaad bespreek, moet deurgaans in gedagte gehou word dat die skrywer nie te kenne wil gee dat die kerk en die godsdiens die alfa en die omega in die voorkoming van die misdaad is nie. In die oplossing van die misdaadprobleem is die godsdienstige faktor slegs een van baie faktore wat aandag moet geniet. Die misdaad is naamlik die uitvloeisel van 'n veelheid kausale faktore, elkeen waarvan opgespoor, sy regmatige plek in die geheelbeeld van 'n persoon se misdadige gedrag toegeken en in die behandeling van die oortreder noukeurig oorweeg moet word. Nogtans is die kerklik-godsdienstige faktor 'n faktor van groot gewig in die behandeling van die gevallenes.

Die kriminologie as wetenskap is nog betreklik jonk, maar in die effens meer as honderd jaar van sy selfstandige bestaan, het hierdie vertakking van die maatskappywetenskappe reeds in aansienlike mate rigting aan ons kennis van die misdaad en die misdadiger gegee. Nie alleen word die oorsake van dié besondere vorm van anti-sosiale gedrag blootgelê nie, maar die kriminologie wil ook aandui langs watter weg die misdadiger moontlik hervorm kan word. Slegs wanneer die oorsake van 'n bepaalde soort optrede begryp word, kan middels aangewend word om 'n herhaling te voorkom. Onder andere is die godsdiens 'n magtige wapen in die bestryding van die misdaad, maar om 'n godsdienstige besef en 'n inkeer tot God by die misdadiger te bewerkstellig, het die kriminoloog die hulp van die kerk nodig. Alvorens die taak van die kerk in hierdie verband egter geskets word, is dit nodig om die gevare wat die misdaad inhou, kortliks aan te dui.

## 1. *Die Misdaad as Benadelingsverskynsel.*

Die misdaad en helaas die gevangenisstraf wat daarop volg, benadeel die persoon self, sy naasbestaandes, die gemeenskapslewe in feitlik al sy vertakkings en uiteindelik die hele volkslewe. Hierop moet verder ingegaan word.

Eerstens, die misdaad as persoonlike benadelingsverskynsel:

(a) Die misdaad wat reeds 'n degenerasieteken is, werk die verdere degenerasie van die persoonlikheid in die hand. Deur die misdaad en die stigma van die gevangenisstraf gaan die gevoel vir die fynere en mooiere dinge in die lewe by die misdadiger verlore. Dit laat net 'n gevoel van bitterheid en haat voortleef.

(b) Sedelike afstomping of insinking gaan met die misdaad gepaard. Misdaad, drankmisbruik en geslagtelike onsedelikheid is benadelingsverskynsels wat dikwels saam aangetref word en wat die persoonlikheid van die mens onberekenbare skade kan aandoen, maar veel nadeliger is o.a. die homoseksuele praktyke wat, ten spyte van voorsorgmaatreëls, in die gevangenis voorkom. Hierdie walglike verskynsel maak van die mens 'n liggaamlike en geestelike wrak. Die onsedelikheid wat uitgeleef word op 'n peil waartoe diere nie eens daal nie, moet uiteindelik die algehele vernietiging van die persoonlikheid meebring.

Tweedens, die misdaad as benadeling van die gesins- en familielewe:

(a) Die gesin van die gevangene word aan verwaarlosing blootgestel. Nie alleen verkeer die gesin in ekonomiese nood nie, maar vrou, kinders, ouers en ander familielede moet dikwels die hoon van die medemens verduur.

(b) Dikwels is die vrou verplig om self te gaan verdien. Vanweë haar afwesigheid van huis en die gebrek aan dissipline, groei die kinders soms op as verwaarloosde rondlopertjies wat miskien self in wangedrag verval. Dit is dan 'n geval van die misdade van die vaders wat aan die kinders besoek word.

(c) Sommige eggenotes kan die spanning en gebrek nie verduur nie met die gevolg dat hulle hul tot geslagtelike losbandigheid, selfs volslae prostitusie, wend.

Derdens, die misdaad as benadeling van die gemeenskapslewe:

(a) Die misdadiger berokken direkte ekonomiese skade aan sy slagoffer en indirek is hy verantwoordelik vir die besteding van groot somme geld om besitting te beskerm. Afgesien van die indiensname van spesiale wagte om eiendomme te bewaak, moet huis- en winkeleienaars jaarliks duisende ponde aan assuransie betaal ten einde hulself teen verliese te vrywaar.

(b) Die gevangene word aan die produktiewe arbeid onttrek. Jongmanne wat met hulle skeppende arbeid 'n direkte ekonomiese bate kan wees, word 'n direkte ekonomiese las. Verder, 'n groot deel van diegene wat tans met die opsporing, bestrawwing en veilige bewaring van die misdadiger belas is, kon in ander rigtings ekonomies produktief gewees het.

Laastens, die misdaad as benadeling van die volkslewe:

Die voorgaande faktore laat hulle invloed op die hele volkslewe geld. Die volksbates word verkwis en volksverarming word in die hand gewerk want belastings wat andersins nuttiger aangewend kon word, moet tans gebruik word om kostelike organisasies vir die bestryding van die misdaad in stand te hou; die gesonde gesinslewe, die hoeksteen van 'n gesonde volkslewe, word deur egskeiding, verlating, prostitusie en drankmisbruik afgetakel; die toekoms van die volk word

ondermyn deurdat die jeug aan verwaarlosing, liggaamlik sowel as geestelik, blootgestel word; en selfs die volkskultuur kan nie ongeskonde bly nie want enig iets wat die lewensstroom van 'n volk so wesenlik aantas, moet uiteindelik ook die hoogste geestelike besit van daardie volk in gevaar stel.

2. *Die Roeping van die Kerk.*

Die kerk het vandag 'n tweeledige taak of roeping, nl. 'n geestelike en 'n maatskaplike. Die maatskaplike roeping van die kerk het vroeër nie so pertinent soos vandag op die voorgrond-getree nie. Te midde van die ernstige probleme van die moderne tyd, dring die besef egter meer en meer deur dat die geestelike en maatskaplike op godsdienstige gebied onafskeidelik aanmekaar verbonde is, veral omdat maatskaplike verwaarlosing in baie gevalle ook geestelike ontreddering tot gevolg het. Daarom dat die kerk reeds daartoe oorgegaan het om organisasies in die lewe te roep met die doel om maatskaplike verskynsels soos armoede die hoof te bied. Daarom ook dat die kerk meer en meer in die misdadiger en sy redding belangstel.

Redding van die misdadiger veronderstel allereers geestelike rehabilitasie. Onmiddellik egter rys twee belangrike vrae, nl.

(a) is die misdadiger dan 'n godloënaar? en

(b) word die misdadiger dan nie alreeds deur die kapelane in die gevangenisse geestelik bearbei nie?

Sover dit die eerste vraag aangaan, kan somar dadelik gesê word dat ateïste uiters selde in die strafinrigtings aangetref word. Andersyds weer is dit duidelik dat ons in die gevangenis te doen het met mense wat taamlik los van die kerk staan, met persone oor wie se siele soms 'n sluier van geestelike verdonkering hang, met indiwidue wat ook in godsdienstige opsig aan die skadukant van die lewe beweeg. Gedurende hulle jeugjare het hulle die kerk en sondagskool óf glad nie óf uiters selde besoek. Die gevolg is dat die lewe in en vir God vreemd is en wanneer hulle in die moeilikheid kom, is die weg na die genade van God miskien net so onbekend. Dit is die taak van die predikant om hulle die pad na die lig aan te toon. Het hy dan eenmaal die ware godsdiens aanvaar, is die persoon verseker van 'n Steun buite homself in daardie tye wanneer hy miskien weer voor die verleiding van die misdaad te staan kom. Dit help hom om weerstand teen die versoeking te bied.

Wat die tweede vraag betref — die gevangenes word gereëld deur kapelane bearbei. Die bearbeiding is egter grotendeels tot kerkdienste op Sondae beperk terwyl die kapelane gevangenes op versoek indiwidueel spreek. Ander predikante kan natuurlik ook 'n gevangene besoek wanneer laasgenoemde vra om 'n bepaalde leraar te sien.

Die vraag is of die verkondiging van die evangelie aan groepe gevangenes die hoofbenaderingsmetode moet wees. Anders gestel, word

met sulke dienste altyd die doel bereik wat daarmee beoog word? Aan die gevangene verskaf so 'n kerklike byeenkoms dikwels net 'n geleentheid om briewe en ander verbode artikels na sy vriende in ander afdelings van die strafinrigting te smokkel. Die byeenkoms dien dus eerder 'n onmaatskaplike as 'n geestelik-godsdienstige doel. Dit word weliswaar nie betwis dat so 'n diens vir sommige gevangenes 'n bron van geestelike verryking en voeding vir die siel is nie, maar ten einde te verseker dat die arbeid meer vrugte sal afwerp, is dit wenslik dat die prediking van die Woord aan groepe deur 'n indiwiduele bearbeiding aangevul sal word. Hiertoe sal die deeltydse kapelane egter nie in staat wees nie, want dit moet onthou word dat hulle in die eerste plek die voltydse leraars van gemeentes buite die gevangenis is. Hulle ander gemeentelike pligte vereis hul onverdeelde aandag met die gevolg dat hulle nie veel tyd tot hulle beskikking sal hê om elke gevangene afsonderlik te bearbei nie. Daarom is dit wenslik dat voltydse leraars in die gevangenisse aangestel sal word. Die aanstellings kan deur die drie Afrikaanse kerke gesamentlik vir die Afrikaanssprekende gevangenes en die Engelse kerke gesamentlik vir die Engelssprekende gevangenes gemaak word.

Dit sal die taak van die voltydse leraar wees om gevangenes in hulle selle te besoek ten einde hul geestelik-godsdienstige probleme met hulle te bespreek en hulle van raad en leiding te bedien. So 'n indiwiduele bearbeiding kan goeie resultate voortbring. In die groep is die gevangene miskien nie geneë om die predikant te nader nie óf omdat hy of die leraar miskien nie die tyd of geleentheid daartoe het nie óf omdat hy bevrees is dat hy deur sy mede-gevangenes as 'n „bible puncher" bestempel mag word (die mens bly gevoelig vir die oordeel van die groep selfs al is hy 'n gevangene en selfs al is die lede van die groep niks beter as hyself nie). Wanneer die gevangene egter deur die predikant in sy sel besoek word, kan dit tot ontboesemings lei wat tegelyk die rede vir die persoon se godsdienstige en maatskaplike verval mag blootlê.

### 3. *Maatskaplike Werk in die Gevangenis.*

Maatskaplike werk is 'n beroep wat gespesialiseerde kennis vereis. Dit is dus wenslik dat die kerk hom tot die geestelike bearbeiding van die gevangene sal beperk en die maatskaplike bearbeiding in die hande van persone met die nodige opleiding laat. Maar, alhoewel die funksies van die predikant en die maatskaplike werker in die gevangenis geskei moet bly, kan die twee mekaar in hul gemeenskaplike taak van opheffing van die gevangene aanvul. Die aard van die gevangene se moeilikhede sal duideliker en die behandeling daarvan vergemaklik word wanneer die geestelike en maatskaplike werkers menings wissel en inligting uitruil. Samewerking in die inrigting is soveel te meer noodsaaklik as in aanmerking geneem word dat die maatskaplike bystand

van die sosiale werker en die geestelike leiding van die leraar ewe on-ontbeerlik vir die gevangene is in sy stryd om weer sy staanplek in die lewe buite die inrigting te vind. Deur wedersydse aanvulling kan hierdie werkers dus verseker wees dat hulle arbeid tot groter heil van die gevangene binne sowel as buite die gevangenis sal strek.

Hierbo is van die „nodige opleiding" gepraat. Wat sluit dit nou eintlik in? Van maatskaplike werkers(sters) word vereis dat hulle 'n graad- of diplomakursus met sosiologie en maatskaplike werk as hoofvakke sal volg. Maar aangesien dit hier om werk in die gevangenisse gaan, is dit noodsaaklik dat die maatskaplike werker(ster) se opleiding ook kursusse in die kriminologie sal insluit.

Nou kom ons voor die feit te staan dat die kriminologie as aparte graadkursus aan slegs een universiteit in Suid-Afrika doseer word, nl. aan die Universiteit van Pretoria. Ten einde dus te verseker dat besondere kennis omtrent die misdaad en die misdadiger so wyd moontlik verspreid sal wees, is dit noodsaaklik dat die voorbeeld van die Universiteit van Pretoria ook deur ander universiteite in Suid-Afrika gevolg sal word. Dit word geredelik toegegee dat talle maatskaplike werkers(sters) nooit met die misdadigers in die strafinrigtings in aanraking kom nie en dat gevolglik opleiding in die kriminologie in hulle geval oorbodig mag voorkom, maar andersyds moet in gedagte gehou word dat sulke maatskaplike werkers(sters) baie dikwels met die misdaadverskynsel buite die gevangenis te doen kry. Hulle kriminologiese kennis sal hulle dan goed te pas kom in die ontleding van die geval, die aanbevelings aan die hof en in die behandeling van die oortreder na sy ontslag uit die gevangenis.

Dieselfde vereiste geld vir ons voornemende predikante. Die predikant is maar alte dikwels die eerste persoon wat ingeroep word wanneer 'n vader, 'n moeder, 'n seun of 'n dogter deur die hand van die gereg uit die gesin verwyder word. Sy eerste plig is natuurlik om die agtergeblewenes geestelik te versterk maar sy bystand sal aan betekenis wen indien hy die gesinslede terselfdertyd oor die aard van hulle maatskaplike probleem en die aanleidende oorsake daartoe kan inlig asmede hulle van raad kan bedien wat 'n herhaling van dieselfde gedrag mag voorkom. Hierin sal sy kriminologiese opleiding hom van besondere hulp wees. Vir die predikant wat voltyds in die gevangenis moet werk, is so 'n opleiding natuurlik onontbeerlik.

4. *Die Kerklike Taak buite die Gevangenis.*

Wanneer die broodwinner tydelik uit die gesin na die gevangenis verwyder word, het sy afhankelikes geestelike sowel as maatskaplike bystand nodig. Weereens het die kerk en die georganiseerde maatskaplike werk 'n gemeenskapilke taak. Die geestelike taak is voor die hand liggend maar hoe kan die werk op maatskaplike terrein meehelp? Die kerk beskik oor kragte in die vorm van die sustersorganisasies wat

vir die maatskaplike werkster van groot hulp kan wees. Lede van hierdie organisasies kan die arbeid van die maatskaplike werkster op allerhande maniere aanvul, bv. deur die gesinne van gevangenes te besoek, besondere probleme onder die aandag van die werkster te bring, en, in die algemeen, deur haar met raad en daad by te staan.

5. *Die Kerk en die Bestryding van die Misdaad.*

In die bespreking tot dusver het die klem op die rol van die kerk in die rehabilitasie van die misdadiger geval. Duidelikheidshalwe moet egter net daarop gewys word dat die predikant, binne of buite die gevangenis, en die sustersorganisasies wat rehabilitasiewerk doen, terselfdertyd voorkomingswerk verrig want, om een persoon te hervorm, beteken dat daar in die toekoms waarskynlik een misdadiger minder sal wees.

Indirek kan die kerk meehelp om die misdaad te bestry: Die kriminologie gaan van die standpunt uit dat vryheidsberowing voldoende straf vir 'n oortreding is. Wanneer die misdadiger dan in die gevangenis beland, moet straf en behandeling hand aan hand gaan. Alvorens ons egter met die behandeling kan begin, is dit nodig dat die misdaadveroorsakende faktore in iedere geval so noukeurig moontlik vasgestel sal word met die doel om hulle uit die weg te ruim. Die gevangenis behoort dus te beskik oor die dienste van minstens 'n kriminoloog, 'n sosioloog en 'n sielkundige wat in samewerking met die gevangenisgeneesheer en die -kapelaan die redes vir die persoon se anti-sosiale gedrag moet opspoor en daarvolgens 'n metode van behandeling uitwerk. Aan die hand van hulle bevindings en die persoon se reaksie teenoor die behandeling, kan die owerhede dan besluit wanneer die gevangene losgelaat moet word. Dit help tog nie om 'n misdadiger aan die einde van sy straftermyn los te laat wel wetende dat hy miskien nog net so 'n groot gevaar soos voorheen vir die gemmenskap is. 'n Geneesheer laat sy pasiënt nie toe om die hospitaal te verlaat solank die pasiënt nog siek is nie. Waarom moet die gevangene dan uit die inrigting vrygelaat word solank sy „kwaal" nog nie genees is nie? Agter hierdie gedagtes lê opgesluit die idee van voorkomende aanhouding waarvolgens die misdadiger wel nie absoluut nie maar tog relatief in sy vryheid van beweging gebonde sal wees, m.a.w. hy hoef nie vir die doel van aanhouding onder die strengste toesig te staan nie maar genoegsame voorsorgmaatreëls behoort getref te word om te voorkom dat so 'n aangehoudene weer 'n geleentheid kry om 'n misdaad te pleeg.

Die kerk kan veel daartoe bydra om die voorgenoemde gedagtes werklikheid te maak.

Laat ons egter tot die meer direkte en daadwerklike rol van die kerk in die bestryding van die misdaad terugkeer. Die jeugdige oortreder van vandag is die volwasse misdadiger van die toekoms. Die aandag van die kerk behoort dus op die jeug toegespits te wees. Kerk-

like jeugorganisasies moet dus in die lewe geroep of uitgebrei word sodat die vryetydsbesteding en die belangstelling van die jeug in positiewe kanale gelei kan word. Wanneer die jeug voltyds en onderhoudend besig gehou word, sal die geleenthede om in die wangedrag te verval, aansienlik krimp.

Vanuit kerklike en kriminologiese oogpunt gesien, kan die verdeling in klein gemeentes heelwat daartoe bydra om die misdaad teen te werk. 'n Klein gemeente beteken 'n intensiewer bearbeiding van die lidmate deur die kerklike ampsdraers terwyl dit aan die gemeentelike kant 'n groter belangstelling in die kerk en sy werksaamhede aanwakker. Die belangstelling werk 'n beter kerkbesoek in die hand, die beter kerkbesoek veronderstel 'n groter kennis van en geloof in God en geloof in die Allerhoogste beteken beskerming teen die gevaar, dus ook die gevaar van die verval in die misdaad. Dié beskerming kan die beste in die treffende woorde van die psalmis in Psalm 91 weergegee word: „Hy wat in die skuilplek van die Allerhoogste sit, sal vernag in die skaduwee van die Almagtige."

H. J. VENTER.

Universiteit van Pretoria.
Pretoria, 29 Mei 1952.